

'N jaar lank het sy elke dag gehuil, vertel Ilana Gerschwitz. Dit was in 2004, toe outisme by haar eerste kind, David, gediagnoseer is. "Die spesialis het vir ons gesê hy sal nooit praat, skool toe gaan, leer om 'n toilet te gebruik, vriende hê, trou of 'n werk hê nie," skryf sy in haar boek *Saving My Sons: A Journey with Autism* (Bookstorm), wat in Junie verskyn het.

Haar oë skiet nou nog vol tranes wanneer sy daaroor praat. "David het normaal ontwikkel, maar is op 11 maande in die hospitaal opgeneem met 'n hoë koors, waar hy 'n drup gekry het. Toe hy by die huis kom, het ons besef hy kyk ons nie meer in die oë nie, glimlag en lag nie meer nie, en stel nie belang in die speletjies wat hy voorheen geniet het nie."

Maande se besoeke aan verskeie dokters, spesialiste en terapeute het voorgelê voordat hulle 'n diagnose gekry het. Ilana was teen daardie tyd swanger met haar tweede kind, Eli, en was vreesbevange dat ook hy outisme sou kry. "Dit was traumaties. Jy rou oor jou kind wat 'verdwyn' het, maar steeds daar is, toegesluit in homself. En jy voel skuldig omdat jy rou, terwyl jou kind aanhoudend huil. David was stil wanneer hy geslaap het. Ek was doodmoeg en depressief en het met die Here probeer onderhandel: Gee my 'n verskriklike siekte, laat my doodgaan, solank David net beter word."

Dis nie die einde nie

Eli (nou 14) het dit gelukkig vrygespring en Ilana het haarself in navorsing oor outisme begin verdiep-enigiets om haar kind te help, al is dit klein, sê sy. "Ek was 'n prokureur, maar het besluit om nie weer te gaan werk nie, sodat ek op David kan fokus. "Ek en my man, Martin, het met spesialiste in die VSA gesels wat aan die voorpunt van navorsing hieroor is, en dit het my hoop gegee. Dit was nie die einde nie, ons kon baie doen om ons kind te help."

Hulle het David vir verskeie toetse, onder meer vir voedselallergieë en voedingstekorte, geneem om enige fisiese probleme vas te stel en aan te pak.

Ilana het hom, saam met gekwalifiseerde instruktore, tuis begin onderrig met 'n leerprogram wat spesifiek vir outisme en ander leerprobleme ontwikkel is. "Die Amerikaanse sentrums vir siektebeheer (CDC) bestempel die program, Applied Behaviour Analysis (ABA), as noodsaaklik vir kinders met outisme en aandagafleibaarheid- en hiperaktiwiteitsversteuring. Mediese fondse betaal in 49 state daarvoor. Maar in Suid-Afrika word daar gewoonlik vir ouers gesê daar kan niks gedoen word nie, of daar word vir die kinders psigiatriese medikasie voorgeskryf," sê sy.

David se gedrag en vermoëns het stadig maar seker begin verbeter. "Dit het gewerk! Daar was weer 'n lig in sy oë."

Hoop vir meer kinders

In 2009 het Ilana The Star Academy, 'n leersentrum vir kinders met outisme en leerprobleme, begin om ander kinders deur middel van ABA te help. Vandag is daar al nege sentrums in Suid-Afrika, asook takke in Ghana, Zimbabwe, Zambië en Mauritius, en uitreike na Tembisa.

Talle kinders se simptome het met die sentrums se hulp verbeter. Sommige in so 'n mate dat hulle nie meer aan die kriteria vir 'n diagnose voldoen nie, 'n normale of bo-normale IK het en gewone skole bywoon.

Toe word Ilana swanger met haar derde kind, Aaron, by wie later ook outisme gediagnoseer is. "Teen daardie tyd was ek oortuig outisme kan genees word. Ek het geweet daar sou 'n risiko wees as ek swanger word, maar het ook gevoel ons kan dit hanteer. Aaron (nou 7) is op 17 maande gediagnoseer. Ons het dadelik met ABA begin, sewe uur per dag. En vier jaar later was hy normaal. Hy is nou in 'n gewone skool en simptoombry."

David, nou 17, bedryf 'n deli by The Star Academy waar hy met die hulp van 'n ABA-instrukteur toewaar hy broodjies maak om by maatskappye te verkoop. Hy broodjies maak om by maatskappye te verkoop. Hy broodjies maak om by maatskappye te verkoop. "Dis volg elke keer die resepte noukeurig, sê Ilana. "Dis volg elke keer die resepte noukeurig - die resep vir 'n pasgemaak vir outistiese gebruikers - die resep vir 'n burger het byvoorbeeld 87 stappe, waaronder 'hou burger het byvoorbeeld 87 stappe, waaronder 'hou die tamatie met jou linkerhand vas', dan 'hou die



Ilana Gerschwitz het 'n boek geskryf oor haar gesin se reis met outisme. Van links is Martin, Aaron, Eli, David en Ilana. Aaron en David is albei op die outisme-spektrum.

Lig in oë kán terugkeer

'n Outisme-diagnose hoef nie jou kind se toekoms te steel nie. 'n Ma vertel aan **Delia du Toit** hoe sy haar kind se diagnose verbeter het, en nou ander kinders ook help.

Dis 'n wonder dat hy dit kon aanleer om 'n mes te gebruik.

mes met jou regterhand vas'. Dit het hom lank geneem om te leer om te sny, en dis 'n wonder dat 'n kind met sy graad van outisme die fynspierbewegings kon aanleer om 'n mes te gebruik. Hy kan nie praat nie, maar het ook geleer om met 'n iPad te kommunikeer." By The Star Academy kry elke kind sy of haar eie ABA-instrukteur. "Elke kind se simptome verskil en die program word vir hulle pasgemaak. Sommige, wat minder simptome het of wat goeie vordering maak, woon gewone skole saam met 'n instrukteur by. Dis noodsaaklik dat hulle gesonde kinders se optrede sien en aanleer om later alleen te kan funksioneer." 'n Minimum van tien uur per week se instruksie word aanbeveel, maar om outisme te verbeter is sewe uur per dag no-

dig. Dis nie goedkoop nie. Net die genetiese toetse en toetse om probleme wat met outisme voorkom vas te stel, soos inflammasie, immuniteitsprobleme, infeksies, voedselallergieë en voedingtekorte, kan sowat R15 000 beloop. ABA kan R9 000 tot R15 000 per maand kos.

Die drie ingrypings

Daar is drie noodsaaklikhede om simptome te verbeter, sê Ilana: intensiewe ingryping met ABA voor vyfjarige ouderdom (hoewel dit 'n verskil kan maak op enige ouderdom) en 'n gesonde dieet en aanvullings, want daar is 'n sterk band tussen outisme en ingewandprobleme (sien artikel langsaan).

Dieet is egter nie die oorsaak nie, verduidelik sy, dit is eerder 'n kombinasie van gene en omgewingsfaktore.

"Ek vergelyk outisme met 'n motorongeluk. Kinders met die genetiese afwykings wat outisme kan veroorsaak ry saam in 'n motor, maar 'n botsing word

Die rooi vlaggies


- Outisme-simptome begin gewoonlik voor driejarige ouderdom kop uitsteek, maar kan al op 12 maande gediagnoseer word. Wees bedag op dié tekens:
- Hul reageer teen eenjarige ouderdom nog nie op hul naam nie;
 - Toon teen 14 maande nog nie belangstelling in voorwerpe of wys daarna nie;
 - Speel teen 18 maande nog nie verbeeldingspeletjies (soos om 'n pop te voer) nie;
 - Vermoë om kontak van wil alleen wees;
 - Sukkel om ander mense se gevoelens te verstaan of hul eie gevoelens te verwoed;
 - Vertraagde ontwikkeling van spraak- en taalvermoë;
 - Herhaal woorde of frases oor en oor;
 - Gee onverwante antwoorde op jou vrae;
 - Word ontstel deur klein veranderinge;
 - Obsessiewe belangstelling in sommige dinge;
 - Flap hul hande, wieg of tol rond in sirkels; en
 - Ongewone reaksies op sintuiglike stimuli soos reuke, smake en klanke.

veroorzaak deur omgewingsfaktore. Een kind kom dalk nooit in 'n ongeluk nie, die volgende kan 'n ligte skrapie opdoen en aan die een kant van die spektrum wees. 'n Ander kind kan in die waakeenhed beland, lewenslank geskaad wees en aan die ander kant van die spektrum wees. In David se geval was die ongeluk die reekse antibiotika wat hy vir oorinfeksies gekry het, in Aaron s'n, narkose om dreineringsbuisies in sy ore te kry."

Een omgewingsfaktor sal ook nie noodwendig outisme veroorsaak nie, maar dit beskuldig as't ware die metaforiese motor en die kind kan dan makliker in 'n botsing kom. "Ek wil dit duidelik maak dat antibiotika nie outisme veroorsaak nie. 'n Ernstig siek kind moet beslis medisyne kry. Maar moenie dit vir 'n loopnensie gee nie."

Sy het besluit om hul verhaal te vertel, wat sy met die hulp van die joernalis Marion Scher gedoen het. "Ek hoop die boek kan ouers in ons skoen help. Ek wou my kinders se inspirerende storie deel. Die boek is vir enige iemand wat moed nodig het; die boodskap is om nooit op te gee nie, want ons almal is tot baie meer in staat as wat ons soms dink."

■ **Ilana en Marion bled op 6 Augustus om 18:30 'n praatjie aan by Exclusive Books Menlyn. Besoek thestaracademy.co.za.**



Wen! *Saving my Sons* deur Ilana Gerschwitz word uitgegee deur Bookstorm en kos R320. Drie lesers kan elk 'n eksemplaar wen. SMS voor Woensdag om 12:00 die woord "outisme", jou naam en posadres na 34581.